



RONDON NUUS 56

APRIL 2026

Met Waardering

STRATEGIESE RIGTING VIR 2026

Geagte Kollegas

Die eerste kwartaal van 2026 is reeds verby, en dit was 'n kwartaal met groot uitdagings vir ons besigheid. Ek wil eerstens elkeen van julle bedank wat, ten spyte van uitdagings en ekstra druk, steeds positief, toegewyd en gemotiveerd bly.

Landbou sal nooit sonder uitdagings en teenspoed wees nie. Juis in moeiliker tye is dit egter belangrik dat ons nader aan mekaar staan as 'n span, mekaar ondersteun en nooit moed verloor nie. **Soos die Springbokke se bekende woorde dit stel: "Stronger Together."**

Alhoewel 2026 beduidend moeiliker as 2025 verloop en ons waarskynlik nie dieselfde goeie resultate gaan beleef nie, moet ons onthou dat ons in 'n besigheid werk wat inherent langtermyn gefokus is. Ons sukses word nie in een seisoen gemeet nie, maar oor baie jare opgebou. Dit vra van ons om koersvas te bly en voort te bou op ons strategiese planne, ten spyte van korttermyn hindernisse.

As uitvoerende bestuur onderskryf ons die beginsel van rentmeesterskap. Dit beteken eenvoudig dat ons almal 'n verantwoordelikheid het om die besigheid beter, sterker en gesonder agter te laat vir die volgende geslag. Dit is nie net 'n bestuurstaak nie, maar iets waaraan elkeen van ons deel het. My beroep is dat elke werknemer hierdie verantwoordelikheid sal aanneem en dit in die daaglikse werk sal uitleef.

Ons strategie vir 2026 - 2030:

Die grondslag van Dutoit se strategie is konstante, volhoubare groei. Nie groei teen alle koste nie, maar groei wat binne die vermoë van ons mense, strukture en hulpbronne plaasvind, en oor tyd waarde skep. Ons strategie rus op vier fokusareas en die uitvoerende bestuurspan het duidelike doelwitte gestel vir 2030.

Hierdie doelwitte gaan ons bereik deur aandag te gee aan die volgende:

- **Kliëntefokus:** Om konsekwente diens en produkte van hoë gehalte aan ons kliënte wêreldwyd te lewer en langtermyn verhoudings te bou.
- **Kwaliteitsfokus:** Om die regte volumes van die regte gehalte te produseer en voortdurend te verbeter, van die boord/land tot by die kliënt.
- **Effektiwiteitsfokus:** Om ons prosesse, strukture en werkswyses voortdurend te verfyn sodat ons meer produktief, mededingend en volhoubaar kan funksioneer.
- **Mensefokus:** Om ons mense doelgerig te ontwikkel en te laat groei binne 'n gesonde, ondersteunende en prestasiegedrewe kultuur.

Vir elkeen van hierdie fokusareas is daar aksies en uitkomstedefinieer wat dien as boublokke om ons 2030-doelwitte te bereik.

'n Gedagte oor groei:

Daar is 'n bekende aanhalings wat besonders goed by ons bedryf pas:

“

The best time to plant a tree was 20 years ago. The second-best time is now. Someone's sitting in the shade today because someone planted a tree a long time ago. A society grows great when old men plant trees whose shade they know they shall never sit in.

”



In landbou weet ons: groei verg tyd, geduld en volgehoue sorg. Die besluite wat ons vandag neem, hoe klein dit ook al mag voel, bepaal die gesondheid en krag van môre se oes. As ons elke dag verantwoordelik optree, saamwerk en die regte dinge reg doen, sal die resultate volg.

Ek glo vas in hierdie span, in ons mense en in die pad wat ons saam stap. **Dankie vir julle harde werk, lojaliteit en toewyding om daaglik ons Purpose uit te leef - "Cultivating Wellness, one harvest at a time."**

Hennie du Toit
CEO

in Brief van Willem

UITDAGINGS EN OORWINNINGS

“Ons oeskoste is darem laer en onthou, ons het mos nie oor die goeie jare gekla nie.” Dit was die wyse woorde wat Willem Reynolds nog baie onlangs met my gedeel het; komende van sy pa en ook in ‘n jaar met genoeg uitdagings.

Oestyd is soos daardie wen-wedstryd wat ons uiteindelik kan speel na weke se voorbereiding en harde oefening. Dis die lekkerste deel en tyd van ons werk; ons pluk letterlik die vrugte van die afgelope 12 maande se harde werk! 2026 se oes is egter nie sonder uitdagings nie. Die natuur (en mens) bring vir ons weer genoeg uitdagings ten opsigte van skades en ook addisionele kostes in ons voorsieningsketting.

Die haelskade wat ons in die Oos- en Weskaap ervaar het, sal ongelukkig ‘n redelike merk in ons besigheid los. Die skade in die Weskaap was hoofsaaklik op Nooitgedacht waar Johan Visser en sy span besig is om die situasie in oestyd uitstekend te bestuur te midde van moeilike omstandighede. Die omvang in die Ooskaap was egter groter as aanvanklik verwag; stukkende vrugte is moeiliker bestuurbaar as letsel vrugte wat gewoonlik die skade van vroeë hael is. Ons is in daaglikse gesprekke met ander produsente in ons omgewing en is dankbaar dat ons skade relatief klein is. Ons harte gaan uit na hulle wat swaar getref is.

Die oesproses self vorder goed met die Oos-Kaap wat baie naby aan totale begrote tonne, sal eindig. Die Wes-Kaapse klimaat en tydsberekening van ons seisoen (ongeveer 7 tot 10 dae vroeër) het veroorsaak dat ons vruggrootte onder druk is (kleiner) en dus lei tot laer volumes/tonnes. Ons is egter opgewonde oor die kwaliteit tot hede en ons tema van “elke vrug tel” blyk goeie resultate op te lewer, aangesien ons boordgraadse kwaliteit beter as begroting realiseer met klas 1-persentasies in die pakhuis wat ook tussen 3% en 5% beter as begroting realiseer (jaar tot datum).

Die groente-oes is binne baie goeie tydlyne hanteer en byna afgehandel met die laaste aartappels wat teen middel April onder dak sal wees. Die patat-oes is tans in sy piek met rekord opbrengste wat op die eerste twee lande van Skaapkraal realiseer het.

Ons ondervind hierdie seisoen twee mensgemaakte eksterne uitdagings waarvan die impak bykans daaglikse bestuur word, nl. die oneffektiwiteit van die Kaapse hawe en die oorlog in die Midde-Ooste. Die hawe se impak was ongelukkig en hoofsaaklik tydens die uitvoer van ons kersies en nektariens. Die oorlog het tans twee gevolge naamlik duurder verskeping na die Midde-Ooste, ‘n groeiende markgebied, en duurder brandstofpryse wat deur almal van ons gevoel word. Terwyl ek skryf, is die horlosie besig om die laaste ure van Trump se ultimatum af te tel. Kom ons bly hoop vir ‘n vinnige en positiewe beëindiging met minimale verdere gevolge.

Hoewel ons as gevolg van al die bogenoemde weer die “belt moet stywer vastrek”, staan ons strategie van ‘n gediversifiseerde besigheid (produklyne en geografies), baie sterk en vas in tye soos hierdie.





Ons kan om hierdie redes steeds ons visie en "purpose" aanhou najaag en daarom het ons met vertroue begin beplan aan broodnodige opgraderings aan ons vrugteverpakking in die Wes-Kaap & Oos-Kaap, asook 'n nuwe patat-pakhuis op Skaapkraal. Ons is opgewonde oor hierdie vooruitsigte aangesien dit in beide gevalle die nodige ondersteuning sal bied om Dutoit op 'n nuwe platform te sit, sodat ons met vertroue ons besigheid vir die toekoms kan aanhou groei en bou. Hou hierdie spasie dop!

Intussen vorder ons kultuur en waardes werksessies fluks en word daar baie goeie terugvoer ontvang oor mense wat daaglik ons waardes uitleef, "to ensure that we keep cultivating wellness, one harvest at a time!" Dankie vir jou daaglikse bydrae hiertoe!

Willem Coetzee

Managing Director

DIE KOLLIG

Betroubaarheid

WANNEER WAARDES BEGIN LEEF

Aan die begin van hierdie jaar het Dutoit aangekondig dat **2026 ons Waardesjaar** is – 'n jaar waarin ons nie net oor waardes praat nie, maar dit bewustelik **prakties begin uitleef**. Ons waardes is nie slagspreuke of plakgate nie; dit is die manier waarop ons elke dag werk, besluite neem, kommunikeer en mekaar behandel.

Die eerste waarde waarop gefokus word, is **Betroubaarheid**. Hierdie fokus is reeds aan die gang en word stelselmatig regoor die organisasie uitgerol. Sommige spanne het reeds deelgeneem aan waardesessies en gesprekke, terwyl produksieeenhede versoek het om **eers ná die oes** aan die formele waardesessies deel te neem. Dit is 'n beplande en doelbewuste proses wat ruimte gee vir elke area om betekenisvol deel te neem.

Van waarde na gedrag

Waardes word eers werklik wanneer hulle **sigbaar raak in gedrag**. Dit is nie wat ons sê ons glo nie, maar wat ons konsekwent doen, wat uiteindelik ons kultuur vorm. Betroubaarheid leef in die klein, daaglikse aksies: wanneer mense hul woord hou, wanneer uitdagings eerlik aangespreek word, wanneer werk voltooi word soos belowe, en wanneer kommunikasie twyfel uitskakel eerder as skep.



Betroubaarheid binne Dutoit word gebou op drie kernboublokke:

- **Eienaarskap:** om volle verantwoordelikheid te neem vir jou werk, jou beloftes en jou impak op ander.
- **Sekerheid:** om twyfel uit te skakel deur duidelike, tydige en toepaslike kommunikasie.
- **Integriteit:** om eerlik op te tree, ook wanneer dit moeilik is, en om te doen wat reg is, selfs wanneer niemand kyk nie.

Hierdie drie beginsels vorm saam die basis van gedrag wat vertroue skep en verhoudings versterk.



WAT BETEKEN BETROUBAARHEID IN DIE WERKLIKHEID?

Deur gesprekke en werksessies heen het spanne en individue oor verskillende dele van die organisasie heen baie eensgesindheid getoon oor hoe betroubaarheid lyk wanneer dit geleef word. Sonder om afdelings by naam te noem, het dieselfde temas telkens na vore gekom:

- **Om meer te doen as net die minimum** en werk af te handel tot dit werklik klaar is.
- **Om verantwoordelikheid te neem** sonder om skuld te skuif of verskonings te soek.
- **Om eerlik te wees oor foute** en dit vinnig reg te stel.
- **Om duidelik te kommunikeer**, veral oor sperdatums, verwagtinge en veranderinge.
- **Om beskikbaar en diensbaar** teenoor kollegas te wees, selfs onder druk.
- **Om beginselvas** op te tree en nie verskillende standaarde vir verskillende mense toe te pas nie.

Hierdie gedrag bou voorspelbaarheid. En voorspelbaarheid bou vertroue.

Die impak op ons kultuur

Wanneer betroubaarheid konsekwent uitgeleef word, begin mense dit voel. Hulle weet waar hulle staan. Hulle weet wat om te verwag. Kommunikasie vloei makliker, samewerking verbeter, en konflik word vroeër en gesonder hanteer. Werksdruk word makliker hanteer wanneer mense mekaar kan vertrou om hul deel te doen.

'n Kultuur van betroubaarheid maak dit ook veiliger om foute te erken en te leer. Dit skep 'n omgewing waar mense groei, omdat eerlikheid belangriker is as skyn, en waar standaarde gehandhaaf word sonder om menswaardigheid prys te gee.

Erkenning versterk gedrag

Omdat gedrag die draer van waardes is, speel erkenning 'n kritieke rol. Elke werknemer word aangemoedig om ander raak te sien wat die waarde van betroubaarheid uitleef.

Indien jy 'n kollega sien wat:

- hul woord hou,
- verantwoordelikheid neem,
- twyfel uit die weg ruim deur goeie kommunikasie, of
- met integriteit optree onder moeilike omstandighede, nooi ons jou uit om vir hierdie persoon erkenning te gee.

Stuur asseblief die persoon se naam, 'n kort beskrywing van die omstandighede, en die gedrag wat betroubaarheid geïllustreer het, na: values@dutoit.com

Só bou ons saam 'n kultuur waar regte gedrag raakgesien en versterk word.

'n Reis wat voortgaan

Die uitrol van betroubaarheid is nie 'n eenmalige projek nie, maar 'n reis. Daar lê nog gesprekke, bewusmaking en opleiding voor – en elke area sal op die regte tyd deel word van hierdie proses. Die fokus bly om gedrag te belyn, sodat ons waardes nie net verstaan word nie, maar ervaar word in hoe ons dinge doen.

Wanneer ons waardes met oortuiging uitleef, bou ons 'n werksplek waar mense met trots werk, waar vertroue die norm is, en waar ons saam kan sê:

By Dutoit leef ons ons waardes – cultivating wellness, one harvest at a time!

Jacques Matthee

Menslike Hulpbronne

HULDEBLYK

Huldeblyk

WILLEM JACOBUS REYNOLDS

Gebore: 10 Junie 1974 – Oorlede: 28 Februarie 2026

Die positiewe lewe van Willem was vir ons almal 'n voorbeeld. Hy was lief vir die mense rondom hom.



Die Graaf in Willem se huis. "Wees lief vir die mense wat God vir jou gegee het, want op 'n dag gaan God hul terugvat."



Die diens vir Willem, Maandag 02 Maart 2026, op Bokkenfontein met personeel.



Willem, ons eer jou nagedagtenis.

Jys du Toit



Paardekloof

ENVY OP PAARDEKLOOF

Paardekloof het 3 blokke Envy wat 'n totaal van 12,94 ha opmaak. Histories kry die Witzenberg goeie koue tydens Maart/April wanneer Envy geoes moet word beteken dat Envy baie mooi kleur. Om Paardekloof se Envy-boorde te boer, is 'n spesiale voorreg. Die snoei is baie eenvoudig en begin jy klaar jou oes regmaak vir die volgende seisoen. Die uitdunne is meer van 'n uitdaging, omrede Envy tydens oes tussen 230 g en 250 g per vrug moet realiseer. Die beste resep is om dadelik een vrug per tros uit te dun. Ongelukkig is dit nie altyd so eenvoudig nie.

Elke seisoen verskil en elke boom verskil, maar om Envy te oes, is wel 'n uitdaging. Op sy 1ste pluk fokus ons op 75% kleur oppervlak en met 'n hoë intensiteit kleur. Die plukke word makliker soos ons nader aan die einde van die oes kom, omrede vrugte meer gelyk trek in kleur en rypheid. Envy is 'n ongelooflike mooi vrug, sy grootte en sy kleur staan uit bo die res.

2025 se ysreën was 'n uitdaging, maar dit was 'n besonderse kleur-jaar. Paardekloof het 'n totaal van 96 ton/ha geoes oor die 12,94 hektaar. Ons bereik 85% OR en van die 85% wat pakhuis toe gestuur is, is 95% gepak en verskeep. In 2026 het ons gelukkig geen ernstige uitdagings gehad nie. Ons oes gemiddeld 98 ton/ha met 'n OR% van 85%. Ons is weereens geseënd met 'n mooi oes.

Tiaan Strydom

Produksiebestuurder



Nooitgedacht

TANKWA TRAIL RUN



Vanaf 6-8 Maart het Willa Rosouw van Lindeshof & Johan Visser van Nooitgedacht deelgeneem in die jaarlikse Dryland Tankwa Trail Run wat op Kaleo Gasteplaas plaasgevind het. Hul het as span deelgeneem genaamd die Bokveld Stof Trappers! Die wedloop het Vrydagaand afgeskop met 'n 5 km Fun Run en verder oor 2 dae gestrek met 'n totale afstand van 49,1 km.

Die manne het 'n algehele 2de plek behaal met 'n eintyd van 04:20:04.

Welgedaan aan Willa & Johan.

Ons is trots op julle!

Lenchen Visser

Kromfontein

DUTOIT UIEBEKER

Kromfontein het onlangs die gesogte DUTOIT Uiebeker vir die 2025 oesjaar ontvang – 'n prestasie wat harde werk, toewyding en spanwerk weerspieël. Hierdie beker is vir ons 'n inspirasie, dit weerspieël uitstekende produksie en gehalte, maar ook die passie waarmee elke spanlid elke dag hul werk aanpak. 'n Groente-boer wat baie jare by Dutoit gewerk het, het altyd gesê: “Elke dag tel. Jy kan nie eers môre gister se foute regmaak nie. Dis te laat, want jy het klaar twee dae verloor”

Elke persoon op die plaas het 'n rol gespeel om hierdie doel te bereik, en saam het ons gewys wat moontlik is wanneer almal in dieselfde rigting werk.

Baie geluk aan Pieter de Wet, Ruan Basson en die hele Groente span – mag hierdie ons inspireer om elke jaar ons beste te doen en alle “truuks” uit die boek te haal om uitnemend te wees!

Deidre Lubbe

Administratieweklerk



Kromfontein TOP ORCHID

Kromfontein is baie trots op Werner Lubbe wat vir die 2025 oesjaar aangewys is as die Produksiebestuurder wie se afdeling (met die spesifieke kultivars ter sprake by die Top Orchard kompetisie) die beste in Produksie Wes-Kaap gevaar het. Die meting was die persentasie OR vrugte oor die afdeling, en dan ook hoeveel klas 3 in die pakhuis uitgeval het. Met ander woorde, die meting is hoe die hand wat vir jou gedeel is, bestuur word en die uitvoering daarvan. Wat die erkenning meer indrukwekkend maak, is die omvang in tonne/volume wat sy afdeling (Bergsig) gehad het.



Hierdie welverdiende erkenning weerspieël spanwerk en Werner se vermoë om die tegniese aspekte van vrugteboerdery uitgevoer te kry, want vrugteboerdery se kuns is om jou kennis, tegniese advies en raad deur jou mense se hande uitgevoer te kry. Die jongman van De Doorns wat 7 jaar met tafeldruiwe geboer het en tans sy derde jaar op Kromfontein is, het homself bewys as iemand wat gretig is om te leer en presteer.

Geluk met jou toekenning, prestasie en toewyding Werner, ons sien uit na jou voortgesette bydrae!

HANDRÉ LINDE

Ons wil graag vir Handré Linde hartlik welkom heet by Kromfontein, waar hy tans sy internskap by ons doen. Dit is altyd vir ons 'n voorreg om jong, gemotiveerde mense die geleentheid te gee om praktiese kennis op te doen en deel te word van ons span.

Handré kom van Botha, buite Worcester, het studeer op Elsenburg en bring 'n vars energie en leergierige ingesteldheid saam. Ons sien uit daarna om hom te ondersteun in sy ontwikkeling en groei gedurende hierdie tyd. Ons glo dat hierdie ervaring vir hom waardevol sal wees en hom sal help om sy toekomsdoelwitte met selfvertroue na te jaag.

Ons wens hom alles van die beste toe en vertrou dat hy sy tyd hier by Kromfontein sal geniet en baie sal leer.





ZOKWANDA HLAZO

Zokwanda started at Tandfontein as a student in 2020 (doing integrated learning) as part of her practical training after her studies at CPUT, where she completed a course in Agricultural Management. Her initial role involved general work, functioning as a member of a team.

In 2021, she was permanently appointed as Junior Foreman (B2), and in 2023, she was promoted to Senior Foreman (B4). During this period, her talent became evident—she possesses an exceptional memory, recalling details of what and when previous years' work was done and the specific instructions given. She manages four or more teams focused solely on cherry cultivation.

During this time, she was exposed to the full environment of production management, including: leadership, management, and supervision, where she became involved in translating training documents, providing training, and sharing knowledge with Xhosa-speaking colleagues. She continually seeks methods and actions to keep supervisors and workers engaged and focused in the workplace.

She is currently furthering her studies through Unisa, pursuing an Advanced Diploma in Agricultural Management, a two-year course of which she has completed the first year. The modules include the following, with results/outcomes added:

- AGRICULTURAL BUSINESS AND MANAGEMENT – (Passed with Distinction) NQF Level 7
- MINI PROJECT AND SEMINAR (Nectarines/ Onions) – (Passed with Distinction) NQF Level 7
- ENVIRONMENTAL AWARENESS AND RESPONSIBILITY – (Passed) NQF Level 7
- SPECIALIZED CROP PRODUCTION A – (Passed) NQF Level 7
- SPECIALIZED CROP PRODUCTION B – (Passed) NQF Level 7

She is also participating in the Young Farmer Programme facilitated by KBOS.

In the workplace, she is exposed to most facets of cherry production and labour management. She has the opportunity to plan actions, do weekly planning, and monitor labour costs and productivity.

- She handles moisture monitoring and irrigation.
- She manages precision spreaders and the Revolute programme.



- She writes spray programmes on the MB4000 and reads back data.
- She handles Phytclean monitoring and compiles reports.
- She is involved in annual planning for cherries and the scheduling of tasks.
- She compiles evaluation reports and translates them into Xhosa, where she also provides input regarding individuals' performance and possible solutions for challenges.

She is currently a senior foreman, assisting the Production Manager. She has developed the ability to look holistically at cherry production and makes timely suggestions regarding workflow and the handling of production processes. Her observation skills are above average, and her ability to predict tree responses to past and current conditions is accurate. She closely follows technical input from consultants and strives for 100% implementation.

She shows understanding of where there are often disciplinary challenges, regarding staff violations and drastic disciplinary steps that may threaten workers' job security. She places the company's Code of Conduct above emotion and shows understanding for both parties.

Her acceptance as a woman in a senior position in a male-dominated work environment is being monitored, and at the worker level, she is fully accepted by both the Xhosa culture and the rest of the workforce. Her input is recognised at the management level. Her English is exceptional, even at a technical level in fruit production, and she communicates clearly and sufficiently in Afrikaans.

Zokwanda, Dutoit is proud of your good work and wishes you a fruitful career. Keep up the good work.

*Kulu van Zyl &
Mariette le Roux*

Skaapkraal

PATAT 2026: 'N STERK BEGIN VIR DIE SEISOEN

Na 'n rekordoes in 2025, en met meer hektare wat vir 2026 aangeplant is, kan ons met vertroue sê dat die patatoes nou volstoom aan die gang is. Die 2026-patatseisoen het vroeër as gewoonlik afgeskop, grootliks as gevolg van 'n droër winter en vroeë hitte. Produsente het sowat 10 dae vroeër begin plant as normaal. Alhoewel sterk winde en skerp temperatuurwisselings uitdagings kan inhou, was toestande minder ontwrigtend as in vorige seisoene, waar planttye met tot drie weke vertraag is.

Die hoofvariëteite vir hierdie seisoen bly Blesbok, Orleans en Murasaki. Daarbenewens word verskeie nisyne—insluitend Asian, Bonita en ander—aktief getoets en ontwikkel om aan spesifieke markbehoefte te voldoen.

Deurlopende verbeterde praktyke wat oor die afgelope drie tot vier jaar deur Upot en ons kweker geïmplementeer is, lewer nou duidelike resultate. Hierdie praktyke dra by tot die produksie van hoëgehalte ranke wat binne 'n optimale plantvenster geplant word—'n kritiese faktor met 'n direkte en positiewe invloed op opbrengs.

Opbrengsbepalings wat in Februarie gedoen is, het reeds belowende resultate getoon. Die eerste Blesbok-oes het in die eerste week van Maart plaasgevind, waar 6,4 ha 'n indrukwekkende opbrengs van 91 t/ha gelever het, met 'n klas 1-uitpak van 81%.

Die daaropvolgende Orleans-aanplantings het ook sterk presteer. Op 13,6 ha is 'n opbrengs van 79 t/ha behaal, met 'n klas 1-uitpak van 83%—'n duidelike aanduiding van uitstekende gehalte.

Opwindende nuus is dat ons na drie jaar se ontwikkeling, met trots kan uitsien na die eerste Flavour Burst-groente wat op Woolworths se rakke beskikbaar sal wees en deur Dutoit geproduseer word. Vir die 2026-seisoen mik Dutoit om 110 houe uit te voer—'n belangrike stap om die maatskappy se marktaandeel internasionaal te vergroot.

Elke kilogram patat wat verpak word, dra by tot hierdie suksesverhaal. Ons is bevoorreg om hierdie oes met julle te kan deel en glo dat elke seisoen nuwe lesse bring in 'n bedryf wat ons daaglik nederig en dankbaar hou.



Apple Pie Day Magnets

Collect & stand a chance to **WIN!**



Hi there

Our special edition apple pie magnets are coming to Pick n Pay stores nationwide! Celebrate Apple Pie Day with us in May.

Inspired by the beautiful advice shared by YOU, collect four magnets to complete the set! A small keepsake celebrating the words and wisdom that stay with us.

How to WIN!

1. Buy Dutoit Apples at Pick n Pay
2. Look out for the Dutoit sticker
3. Collect all 4 magnets!

Snap a photo, share on Facebook or Instagram, tag @dutoitagri #ApplePieDaySA







KISSABEL® RETURNS: SOUTH AFRICA'S BLUSHING APPLE ARRIVES IN STORES IN APRIL

March: A striking apple with a naturally red centre is returning to South African shelves this April, offering retailers and consumers a glimpse into the future of fruit innovation.

Following a successful soft retail trial last season, Kissabel® apples, grown locally by Dutoit, will be available in limited quantities in April at select retailers while stocks last. At first glance, Kissabel® may resemble a traditional apple, but slice it open and the surprise is revealed: a naturally vibrant pink-to-red flesh that transforms the everyday apple into something visually extraordinary.

Beyond its striking appearance, Kissabel® delivers a distinctive eating experience. Developed through the international IFORED breeding programme and now being trialled in orchards around the world, the apple represents a new generation of varieties bred not only for performance in the orchard, but also for flavour, texture and visual appeal.

"This season marks an important step forward in our journey with Kissabel®," says Willie Kotze, Technical Manager at Dutoit. "Following last year's soft launch, we've gained valuable insight into how the different selections perform under South African growing conditions. While our trees are still young, we are already seeing encouraging signs in terms of flavour expression, colour development and overall fruit potential."

Unlike traditional apples, Kissabel® selections offer two distinct flavour and colour profiles, giving consumers a completely different sensory experience.

Some selections feature a light, crisp and juicy texture, with a balanced interplay between sweetness and acidity. These apples have an attractive exterior blush and a vibrant red flesh that gently fades toward the centre, offering a refreshing and well-rounded flavour profile.

Other selections develop a deeper red colour both inside and out, with a more intense sweetness and high natural brix levels. These apples deliver a bold, berry-like flavour that sets Kissabel® apart from conventional varieties.

"It's an apple that invites curiosity," says Kotze. "The visual surprise captures attention, but the flavour is what really keeps people coming back."

Kissabel® forms part of the global IFORED apple breeding programme, a collaborative initiative involving growers in more than a dozen countries focused on developing naturally red-fleshed apples.

Dutoit is the only grower in South Africa to trial and cultivate the variety, with Concept Orchards currently helping the team better understand how the different selections perform locally.

Because many of the trees are still in their early cropping years, volumes remain limited, but the learnings gathered during these early seasons will help inform larger commercial plantings planned for the coming years.

Beyond the orchard, Kissabel® apples are quickly gaining attention from chefs, bakers and food stylists thanks to their dramatic colour and versatile flavour.

Their vibrant red flesh holds beautifully when sliced, making them ideal for:

- Fresh snacking and lunchboxes
- Fruit platters and salads
- Apple carpaccio or desserts
- Juices, smoothies and cocktails
- Tarts, crumbles and apple pies where the pink tones create a striking visual twist

Simply slicing a Kissabel apple reveals its signature blush, instantly elevating everyday dishes with colour and character.

As the orchards continue to mature, Kissabel® apples will appear in small seasonal drops each year, offering consumers a chance to experience something truly different in the fruit aisle. For now, the apples remain a limited seasonal release, adding to the sense of discovery around this emerging variety.

Kissabel® apples will be available at selected retailers soon, while stocks last.





Dutoit Vrugte

TANGIBLE GIRLS CODING TOURNAMENT

**7 Think Big Spaces. 42 Schools. 478 Learners.
116 Teams. 7 Countries**

On Tuesday, 24 March, girls across 7 countries took part in the Tangible Girls Tournament. 478 learners working in teams, solving challenges and competing in their own classrooms at the same time. The girls took up space by being competitive, focused and fully engaged in a STEAM (Science, Technical, Engineering, Arts and Mathematics) environment that felt like theirs.

What stood out?

- Girls showed up confidently and owned the space and it didn't feel forced.
- Classrooms were energetic and collaborative, with teams fully immersed in the challenges.
- Participation spanned very different contexts, but the experience felt consistent.

At the Cape Town Amazon Think Big Space, AWS volunteers added another layer by speaking to learners about career paths, answering questions, and engaging beyond the competition itself.

Across countries, there was also a sense of connection among girls participating in the same event at the same time, as they began to see themselves as part of something bigger.

This tournament demonstrated not only that girls can take part in STEAM, but also that when given the opportunity, they embrace it fully. And that this type of experience can be delivered reliably across different countries at the same time.



Oh yeah, they loved it and had put in a lot of effort practising and were very much looking forward to it despite exam time.

Facilitator, India



Yesterday was an incredible experience for both myself and the girls who participated in the Tangible Girls Coding Tournament. Our 14 learners showed enthusiasm, teamwork, and resilience throughout the event. It was inspiring to see them engage with coding in such a hands-on and empowering environment. Opportunities like this not only build their technical skills but also boost their confidence and ignite a passion for innovation. We are extremely proud of their effort and how they represented our school. A huge thank you to Tangible Africa for the opportunity.

Teacher from South Africa



This was awesome thank you so much.

AWS Volunteer







DUTOIT FORECASTS STRONG 2026 ONION SEASON ON BACK OF FAVOURABLE CONDITIONS AND GROWING EXPORT DEMAND

Dutoit expects its 2026 onion harvest to deliver strong quality and solid export performance, following a cold winter, moderate rainfall and favourable growing conditions across its production regions. The Western Cape-based producer cultivates sweet onions, shallots, brown and red onions across six farms located up to 150 kilometres apart, a strategy designed to mitigate climate and production risk.

Over the past five years, Dutoit has followed a focused strategy to expand their onion exports to the EU and UK markets. A key part of this strategy has been to strengthen their presence in these markets, remain close to their customers and to ensure transparency throughout the supply chain.

To achieve this, they established a presence in Rotterdam in the Netherlands, operating from an office that allows them to stay directly connected to the European market. In addition, they appointed a permanent agent in Spain dedicated to handling Dutoit products.

Having a representative on the ground in Spain, who knows and understands Dutoit's business thoroughly — having visited Dutoit numerous times — enables them to add real value to their customers. Their local presence allows for regular customer visits, close quality monitoring, and immediate support when needed. Thus, reinforcing their commitment to building strong, long-term customer relationships in the EU and UK.

According to Pieter du Toit, Commercial Director: Vegetables at Dutoit, this season marks an important milestone for the business, with the first commercial harvest of sweet onions taking place in mid-November following several years of trials.

“After testing sweet onions over a number of seasons, we planted them commercially for the first time this year and harvested our first crop in November,” says du Toit. “We’re very encouraged by the results and excited about the long-term potential of this category.”



Dutoit's sweet onions are currently produced primarily for the Spanish market, where demand for mild, low-acidity onions continues to grow. However, the company believes there is significant potential for local market expansion as South African consumers become more familiar with the variety. The season has also attracted renewed European interest with packers and retailers visiting Dutoit's operations during the season. Buyers choose Dutoit specifically for their high-standard quality in onions. During select periods, the quality of onions provided by Dutoit is unmatched in the European market.

"We've seen encouraging demand from Europe, particularly for late-season supply when local crops in those markets begin to decline in quality," says du Toit. "As a result, we are planning to export around 30% of our brown, red and sweet onions, as well as shallots, this season."

An important part of Dutoit's seasonal strategy is partnering with Spanish suppliers during our counter-season. For approximately three months of the year, when Dutoit's own onion supply is no longer available, we import high-quality onions from Spain to ensure continuity of supply to our local supermarket customers.

During Spain's harvest period, the quality of Spanish onions is superior to South African imports available at that time. Spain also consistently meets the high standards required by our retail partners, making them a reliable and strategic partner for Dutoit.

This counter-seasonal approach allows us to maintain consistent quality and strong relationships with our customers throughout the year.

To meet quality requirements, Dutoit has invested in advanced optical grading technology to ensure rigorous quality control. "Our optical grader allows us to assess both external appearance and internal quality," du Toit says. "This is particularly important for European retailers, where consumer expectations are high. It helps ensure that the end consumer receives a consistently good product."

The 2026 crop is expected to be characterised by strong overall quality, supported by dry harvesting conditions and limited weather-related disruption.

"We had limited during harvest, which plays a major role in maintaining bulb integrity and storage performance," he adds. While production and demand remain positive, port logistics continue to present challenges for exporters.

"The port remains our single biggest constraint," du Toit notes. "We have a relatively short export window in January, February and March in the Western Cape, and any delays during this period can impact shipping programmes." Dutoit continues to work closely with logistics partners to optimise export flows during peak periods.

On the local front, du Toit says supply remains adequate, with strong demand from major retail chains for high-quality onions.

"There are currently sufficient volumes in the domestic market, and we expect pricing to remain relatively stable until Northern Cape production declines towards the end of March," he explains. "Retailers continue to prioritise quality, and we are well positioned to meet that demand."

With favourable growing conditions, increasing export interest and continued investment in quality assurance, Dutoit Agri expects the 2026 onion season to deliver solid returns for both local and international markets.

"Overall, we're optimistic about the season," du Toit concludes. "The combination of good production conditions, strong buyer interest and improved technology puts us in a good position for the year ahead."

Datoit Groente

EVERYTHING YOU SHOULD KNOW ABOUT DULCE SWEET ONIONS



Meet the onion that won't make you cry. Sweet onions bring natural sweetness and a gentle flavour to your dishes, making them perfect for everything from fresh salads to caramelised sides. Here's what makes them special, when they're at their best, and how to use them in your kitchen.

Advertising promotion

At first glance, dulce sweet onions may look like ordinary onions, but their flavour tells another story. They're milder, juicier and naturally sweeter, thanks to their low sulphur content. That means no tears when chopping and no harsh aftertaste – just a smooth, mellow flavour that enhances any meal. These Spanish-inspired onions are grown locally in the Koue Bokkeveld for Woolworths. Cultivated through the Farming for the Future initiative, these onions ensure sustainability from soil to shelf.

What are dulce sweet onions?

Dulce sweet onions are prized for their crisp texture and subtle sweetness. Their low sulphur content allows you to taste all the naturally occurring sugars, making them perfect for both raw and cooked dishes. You can enjoy them sliced into salads, tucked into sandwiches or caramelised until deliciously jammy for a cheeseboard addition.

When are they in season?

Harvested from December to March in South Africa, dulce sweet onions have a short season that makes them all the more special. Buying them fresh during this time guarantees their best texture and natural flavour.

How to use dulce sweet onions

Dulce sweet onions are incredibly versatile and can be enjoyed in countless ways. Try them:

- **Raw:** Thinly sliced into salads or salsas for a mild, sweet crunch.
- **Sautéed:** Gently cooked until translucent for pasta sauces or omelettes.
- **Caramelised:** Slowly cooked until golden and syrupy to top burgers and pizzas.

Sustainability

Sustainability is a key consideration for many local farmers. For instance, farmers working with Woolworths focus on sustainable practices through the Farming for the Future initiative. This programme helps reduce water consumption, improve soil health, and promote biodiversity, ensuring that dulce sweet onions are grown with care for both the environment and future generations.



Dutoit Groente

SHALLOTS

A nationwide Checkers campaign that turns a small, often missed ingredient into a big mealtime win! Built around familiar South African favourites, boeries, braaibroodjies, salads and more. This is simple and satisfying: a small swap, a big step up. With one quick slice and gentle sizzle, shallots bring a sweeter, softer, more savoury depth that lifts the whole meal. Every touchpoint lands with the same memorable, alliterative cue: Simply add shallots.

Kyk uit vir Dutoit sjalotte vanaf 13 April tot 17 Mei in verskeie Checkers winkels asook op Sixty60.



Simply add shallots!

Dos-Kaap

NUWEPLAAS KIWIS

Kiwiproduksie op Nuweplaas het in 2018 begin met die aanplant van 'n 1 ha-blok Dori. Hier het ons begin leer hoe om kiwis te boer, en met 'n verdere aanplant van 2,5 ha Dori in 2022 het produksie gegroei tot 'n totaal van 53 ton vanjaar, m.a.w. 15,1 t/ha.

Daar was ook 2,2 ha Topgold aangeplant in 2022, wat aanvanklik gesukkel het om weg te trek, maar met goeie insette het ons in 2026 6,9 t/ha geoes en die blok groei tans baie welig.

Beide Topgold en Dori word geklassifiseer as "geel" kiwi variëteit. Nuweplaas het ook 'n "rooi" kiwi-variëteit genaamd YA50 aangeplant vir evaluasie doeleindes in 2022. Hierdie variëteit moet nog geoes word en ons skatting is om 6 ton te oes op die 0.5 ha wat op die kantrye van die groter Dori en Topgold blokke geplant is. In 2025 het ons ook nog "geel", "rooi" en "vroë groen" variëteite geënt vir evaluasie doeleindes.

Die meeste bestuiwing word nog met droë stuifmeel gedoen. Dit is belangrik om die blomme te bestuif sodra dit oopmaak en wanneer die humiditeit 60% en hoër is. Goeie handbestuiwing is 'n kritiese aksie wat reg uitgevoer moet word om hoë produksies by kiwis te verseker. Alle bestuiwing word gekombineer met 10 bye korwe per ha.



Verskeie produksiepraktyke, wat vir ons nuut was, is geïmplementeer met vanjaar se oesvoorbereiding. Die nat applikasie van stuifmeel en die ringelering van lote en die stam het goeie resultate gelewer. Nat bestuiwing hou veral voordeel in tydens nat en winderige toestande en die water kan gekleur word om die blom te merk. Dit verhoed onnodige vermorsing van duur stuifmeel deurdat blomme net 1keer bestuif word.



Die proewe wat tot dusver gedoen is met ringelering het wel vir ons groter vrugte getoon. Ons maak gebruik van 3 ringe tans.

Daar word beplan om in 2027 nog kiwis te plant. Dori is op die oomblik die kultivar waarmee ons die meeste vertrou is en wat ook goed bemark onder sy eie handelsnaam. Verder, soos genoem, evalueer ons nuwe kultivars wat moet pas by Nuweplaas se omstandighede.



ROLSTOEL OORHANDIG DEUR CHARLIE HOFMEYR

Die Gr. 8 & 9 VRL van Hoërskool Charlie Hofmeyr, het op 20/1/2026 'n rolstoel aan Mnr. Simon Steenberg oorhandig. Mnr. Steenberg is 'n inwoner van Huis Maudie Kriel, maar het grootgeword en gewerk op De Eike, in die Witzenbergvallei. Dit was 'n besondere geleentheid, vir die kinders, vir die personeel van Huis Maudie Kriel, maar ook vir mnr Steenberg.

Sedert 2024 is die Hoërskool Charlie Hofmeyr betrokke by die insameling van plastiekdoppies. Die skool het verneem dat Dutoit Agri ook doppies bymekaarmaak en vir herwinning indien en het besluit om hande te vat. Die doppies word afgelaai op die perseel van die Sweethearts Foundation. Wanneer daar 'n behoefte aan 'n rolstoel is, word die organisasie gekontak en 'n rolstoel word aan 'n persoon geskenk. Die herwinning van die plastiek doppies maak dit vir die organisasie moontlik om rolstoele beskikbaar te stel aan mense wat dit benodig.

Sedert Dutoit Agri begin het met die herwinning van plastiek doppies, kon hulle al aan 6 persone 'n rolstoel skenk. Wanneer 'n persoon geïdentifiseer word met die behoefte aan 'n rolstoel, word die nodige inligting aan Sweethearts Foundation deurgegee wat dan die stoele skenk. Twee van die stoele is geskenk aan kinders met spesifieke behoeftes in die Oos-Kaap.

Die doppies wat gebruik word, is van die plastiektipe waarop die volgende verskyn:



Sweethearts Foundation gebruik die opbrengs van herwinning van plastiek doppies en broodknippies om hierdie gemeenskapswerk te doen.





NUWE KULTIVARS

Dutoit is bevoorreg om aan die voorpunt van die wêreld se mees opspraakwekkende variëteite en teelprogramme te staan.

Sassy

Daar is tans groot opwinding—nie net in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal—oor hierdie parmantige appel. Sassy is 'n komplekse kruising tussen Jazz, Fuji en Pacific Rose, met sy oorsprong in Nieu-Seeland. Met so 'n indrukwekkende genetiese erfenis is dit maklik om te verstaan waarom Sassy 'n goeie alternatief in die gala-kategorie bied. Die variëteit word boonop effens vroeër as Gala geoes, wat aan Dutoit die geleentheid bied om die kategorie uit te brei met 'n verbeterde produklyn. In 2025 was die eerste Sassy-appels vir Suid-Afrikaanse verbruikers by Pick n Pay beskikbaar, en vanjaar is dit weer op die rakke. Dutoit vestig ook vanjaar die eerste kommersiële Sassy-blok op Tandfontein.

Cosmic Crisp

Hierdie appel, ontwikkel deur Washington State University, is 'n kruising tussen Honeycrisp en Enterprise. Cosmic Crisp erf sy unieke tekstuur van sy Honeycrisp-ouer, terwyl sy oestyd en uitstekende hou vermoë van Enterprise afkomstig is. Hoewel dit nie 'n appel is wat op sy beste direk van die boom geëet word nie, ontwikkel die volle eetervaring ná 'n paar maande in opberging. Die eetervaring maak Cosmic Crisp een van die gewildste appels in die VSA. Dutoit het in die 2026-seisoen 113 kratte Cosmic Crisp van Lindeshof en Vastrap geoes, en die eerste kommersiële aanplanting word in 2027 op Lindeshof gevestig.

Kissabel

"I'm Red Inside." Dutoit is die trotse Suid-Afrikaanse vennoot van hierdie baanbrekende appelreeks uit die IFORED-teelprogram in Frankryk. Rooivleisappels het hul oorsprong in die wilde appelwoude van Kazakstan, waar hulle natuurlik voorkom. Oor jare is hierdie eens byna oneetbare vrugte deur teelprogramme verfyn tot die unieke produk wat vandag 'n besonderse visuele- en eetervaring bied. Kissabel is reeds internasionaal op winkelrakke beskikbaar en Dutoit is hard aan die werk om dit aan Suid-Afkaners ook beskikbaar te maak. Dutoit brei sy rooivleisappel-aanplantings verder uit met nog 'n blok wat in 2027 op Vastrap geplant gaan word. Hou dié ruimte dop!

Nuwe kernvrugte-ontwikkelings

Nog 'n opwindende kernvrugteprodukt in die kollig is die geharde Israeliese peer, Eden Gold, 'n unieke kruising tussen 'n Asiatiese en 'n tradisionele Europese peer. Aan die appelpunt is die wynrooi Soluna ook onder die vergrootglas met 'n eerste semi-komersiële aanplanting wat reeds in 2024 op Kromfontein gevestig is.

Steenvrugte

Die steenvrugte kategorie toon eweneens baie positiewe vooruitsigte wat nuwe genetika betref. In 2025 het Dutoit nog 'n kersieproefperseel op Nootgedacht gevestig, met genetika uit onder meer twee nuwe internasionale teelprogramme wat bekend is vir hul uitstekende hou vermoë en eetkwaliteit.

Op die nektarienfront bly die keuse wyd en dinamies. Projekte wat die afgelope twee jaar op Kromfontein en Tandfontein gevestig is, sal teen 2027 voltooi wees, met belowende kultivars soos die Honey- en Polar-reekse uit die Zaiger-teelprogram in die VSA. Die lae-koue-teelprogram PSB uit Frankryk bied ook uitstekende vroeëseisoen-opsies vir Excelsior.

Ander produksie

Dutoit bly voortdurend opsoek na nuwe produkteleenthede. Bloubessies en kiwi's in die Oos-Kaap het wéér die seisoen hul potensiaal bewys en bevestig dat daar verdere groeieleenthede in hierdie kategorieë in SA en die buiteland lê.









Menslike Hulpbronne

DUTOIT CONNECT

Die tweede Dutoit Connect-samekoms, gehou op Paardekloof, was 'n dag om te onthou! Afdelings regoor Dutoit – van plase tot kantore – is in spanne verdeel en die gees was tasbaar van begin tot einde.



Ons het afgeskop met 'n 6 km- en 10 km-boordloop, waar sommige deelnemers die roete met indrukwekkende spoed voltooi het. Intussen het die vissermanne reeds vroeg hul plekke langs die dam ingeneem. Met asemrowende uitsigte en 'n besondere atmosfeer is daar diep konneksies tussen deelnemers gevorm.

Die meeste spanne het ook hul staal gewys in die potkompetisies, met Daniel Havenga, Willem Coetzee en Linde du Toit as beoordelaars. Die kreatiwiteit en talent was duidelik sigbaar, terwyl die druk hoog geloop het onder die beoordelaars se streng standarde.

Dit is werklik 'n fees om deel te wees van die blou-span! Baie dankie aan elkeen wat die dag bygewoon het en bygedra het tot die sukses daarvan.

Ons maak binnekort weer so.





VISVANG-KINDERS

1. Jacobus Rossouw
 2. Carlo Cronje
 3. Steph Viljoen
-

VISVANG-VOLWASSENES

1. Dawie du Toit
 2. Johannes Burger
 3. Joseph Flock
-

6KM BOORDLOOP - KINDERS

1. Ezanne du Toit
 2. CM Kotze
-

6KM BOORDLOOP – VROUENS

1. Janie Viljoen
 2. Ane du Toit
 3. Christie du Toit
-

6KM BOORDLOOP – MANS

1. Jeandri Viljoen
 2. Callie Prins
 3. Jan van Rensburg
-

10KM BOORDLOOP – VROUENS

1. Jeanri Albertyn
 2. Nicola Dark
 3. Natasha de Villiers
-

10KM BOORDLOOP – MANS

1. Johan Visser
 2. Willa Rossouw
 3. Jan de Villiers
-

BESTE POT

Dutoit Tegnies (Willie Kotze)

BESTE POTBROOD

Dutoit Vrugte (Pieter Kruger & Gawie Nel)







HELP US SAVE AND REDUCE WASTE!

Company printers are provided strictly for business-related activities that support operations, client work, and approved internal use. Personal printing, regardless of volume, is not allowed without prior line manager approval.

Please take note of the following:

All print activity is monitored and reviewed, including volumes and usage patterns.

High-volume printing can be identified remotely.

Any non-standard printing requires line manager approval in advance.

Abuse or repeated violations will be reported to department heads.

Printing carries a direct cost to the business (paper, toner, maintenance, and support) and affects the availability of shared resources for operational teams. It also contradicts our responsibility to reduce unnecessary waste.



AANSTELLINGS



**RIAAN
WEIDEMAN**

*Human Resources Business
Partner: Oos-Kaap*



**BERNADINE
LEENDERTZ-MULLER**

*Administration Clerk:
Western Cape (Production)*



**JEANDRI
ALBERTYN**

*Group Financial Analyst:
Dutoit Group*



**JOHANNE
VIVIERS**

*Producers Accounts Clerk:
Dutoit Fruit (Marketing)*



**LNELL
KRUGER**

*Marketing Assistant: Dutoit
Fruit (Marketing)*



**LOUIS JANSEN
VAN VUUREN**

*Compensation Manager:
Human Resources*



**MELANIE
MANNING**

*Human Resources:
Clinics*



**SANET
DE RUITER**

*Chief Financial Officer:
Dutoit Group*

Dutoit

AFTREDES

Na 30 jaar diens tree Frikkie Bothma af. Frikkie was op 1 Mei 1996 as Produksiebestuurder op Sneeuwkop aangestel. Daarna het hy die fundamente gelê vir al die ander groente-landgoedere binne Dutoit: Skaapkraal (1997–1998), Tandfontein (1999–2000) en Kromfontein (2000–2007).

In 2008 is Frikkie bevorder tot landgoedbestuurder van Skaapkraal, met Platkloof wat in 2017 onder sy leiding bygevoeg is. Oor die afgelope 30 jaar het baie veranderinge in die landbou plaasgevind, en Frikkie was altyd bereid om aan te pas en ander te bemagtig. Met 'n kalm en berekende benadering het hy uitdagings keer op keer in sukses-stories omskep. Die lesse wat hy geleer het was in nuwe en verbeterde praktyke verander. Frikkie is 'n ware voorbeeld van betroubaarheid, lojaliteit, ordelikheid en menswaardigheid. Met fondasies gelê en stelsels ontwikkel, is Skaapkraal en Platkloof op 'n beter plek om sukses te behaal as 18 jaar gelede. Waar Frikkie ons verlaat, kan ons net voortbou.

Na 30 jaar is dit nou tyd vir 'n nuwe seisoen van aftrede. Die ruil van die plaas vir die dorp sal seker een van die grootste aanpassings wees, maar ons vertrou dat hierdie nuwe hoofstuk ook vir hom groot vreugde en vervulling sal bring. Namens almal op Skaapkraal en Platkloof, wens ons hom alle sterkte, goeie gesondheid en welverdiende rus toe.

Johann Raal

Landgoedbestuurder Skaapkraal

Annemarie Fernhout was die afgelope 20 jaar werksaam by Dutoit Agri: Produksie Wes-Kaap. Sy het begin as krediteure klerk en was verantwoordelik vir Tandfontein en Paardekloof. Daarna het Beesboerdery, Excelsior en Grande het ook deel geword van haar take in die Konferensiesentrum.

Sy het beslis eienaarskap gevat van haar werk en dit met integriteit en passie gedoen. Sy was nog altyd bereid om die ekstra myl te stap, en het met groot bereidwilligheid vir ander se take ingestaan. Haar werk was altyd betyds klaar en foutloos. Sy het 'n groot rol gespeel in ons span, en dit sal beslis nie dieselfde wees sonder haar nie.

Annemarie het ook dit haar werk gemaak om vir mense met hulle verjaarsdae geluk te wens en tyd af te staan vir welwillenheid. Sy is 'n groot ondersteuner van sport en het ons ingelig gehou! Sy ken ook elke persoon wat 'n possak van die plase bring se naam en het altyd opregte belangstelling in hulle doen en late getoon.

Ons gaan Annemarie mis vir haar humorsin, al die koek wat sy gekoop het en haar bereidwilligheid om altyd te help. Met haar in die rondte het ons geweet wat van ons verwag word op 'n spesifieke tydstip. Sy is reguit en op die man af. Dankie vir goeie jare van saam lag en soms saam huil. Mag hierdie nuwe fase in jou lewe vir jou groot en geseënde dinge inhou!



**FRIKKIE
BOTHMA**



**ANNEMARIE
FERNHOUT**

'n Lewe van toewyding

PETRUS "STOCKZ" RUITERS



Petrus Ruiters, beter bekend as "Stockz", is 'n ware voorbeeld van lojaliteit, harde werk en deursettingsvermoë. Sy loopbaan is 'n inspirasie vir almal wat saam met hom gewerk het. Hy het sy pad begin as 'n algemene werker, en deur sy toewyding en werksetiek het hy vinnig uitgestaan. In 1985 is hy bevorder tot voorman, 'n rol waarin hy sy leierskap begin wys het. Teen 1992 het hy verder gevorder na spanvoorman, waar hy 'n nog groter verantwoordelikheid op hom geneem het. Sy jare se ervaring en kennis het uiteindelik gelei tot sy aanstelling as Produksiebestuurder in 2004.

Met 'n indrukwekkende diensrekord van **48 jaar en 6 maande** het Petrus diep spore in die maatskappy getrap voordat hy afgetree het. Selfs ná sy aftrede het sy passie vir werk nie verdwyn nie—hy het nog 6 maande by Nooitgedacht gewerk en help tans uit op Kromfontein. Petrus vier 'n besondere mylpaal wanneer hy in 2027, 70 jaar oud word—'n leeftyd gevul met harde werk, opoffering en betekenisvolle bydraes.

Wat vir ons op Kromfontein uitstaan van die man wat ons nou leer ken het, is sy rustige, maar ferm manier van met mense werk. Mense respekteer vir Stockz omdat hy ferm, konsekwent en sterk is, maar sag oorkom. Dankie vir jou bydrae en die passie waarmee jy elke dag op Kromfontein werk, Stockz. Ons waardeer jou en almal van ons het iets by jou geleer.

Stockz het 'n gedig geskryf oor sy loopbaan:

DIE PERFЕКTE DEURBRAAK:

'n Kind is gebore op die plaas, De Vlei.
Waar die skape en varke rustig wei.
Hy't groot geword op 'n plaas Lindeshof
Dit was nou vir jou 'n harde skof.
Daar was skool gegaan op Kromfontein Primêr
Al was dit vir party kannetjies te vêr.
Dit was kortbroek en kaaloet in die reën
So nou en dan hoor jy 'n kind in die verte ween.
Dit daar gelaat oor die kaalvoet kannetjies
Skielik hoor jy een oggend die hoof roep ons aan as mannetjies.
Diep in die sestiger jare verlaat hy vir Kromfontein Primêr
Om te dink Ceres is heeltemaal te vêr.

Graad nege was genoeg om te proef.
Toe kies die mannetjies bo alles 'n tang en 'n skroef.
Terug op Lindeshof diep in die sewentiger jare.
Dis jare toe almal mal was oor hare.
Op sestien word hy beproef met 'n trap en 'n skêr
Net anderkant die rivier hoor jy hoe die skape blêr.
'n dag se geleer was om bome te snoei.
Verbasend kan jy hoor hoe die voormanne knoei.
Gedink dit was moeilik om vrugte te pluk.
Jy moet net leer om nie met jou vingers te druk.
Die opleiding van snoeiery en plukkery was toe verby.
Hy was so trots om ander te lei.
Jaar op jaar prys verower
'n kombers en 'n warmbottel het my betower.
Die tagtiger jare was lekker jare.
Toe is daar reeds afskeid geneem van die koring are.
In vyf-en-tagtig bekroon as leier
Sê my asseblief hoeveel sal dit kos om te weier
Voorspoed en teenspoed was in die periode
Om dit te oorbrug moes hy maar bly by die kode.

Daar was beproef om te matrikuleer
Dit was swaar, maar nogtans het hy hard probeer.
Skielik is hy deel van die bestuur
So hier en daar was 'n werker opgesuur.

Die wye wêreld was wawyd oopgegooi.
Hy moes net sy vaste verstand ontgooi.
Berekenings is gemaak om my in die regte kategorie te plaas.
Skielik is sy smal skouertjies breër opgeblaas.
Uiteindelik is 'n afdeling aan hom toegeken
Hy is stadig maar seker besig om die ander te wen.
Daar is nog baie opsies om te heel.
Dit is lekker om dit met my kollegas te deel.

Dankie vir die persone wat by my staan
Dit sal nooit uit my gedagtes ontgaan.
So is die lewe soos 'n bol.
Om dankie te sê kan jy dans soos 'n tol.

In Julie 2004 is hy volwaardig aangewend
Die struikelblokke in sy weg het hy vining bekend.
So leer 'n mens elke dag 'n stukkie by.
God die Vader is daar om my te lei.
Die woord sê bewoon, bewerk en bewaar.
Dit is in die Testament alreeds verklaar.
Landbou is een van die belangrikste faktore.
Hy (God) het seker gemaak dit kom tot ons ore.

GESONDHEIDS

Gesondheidswerkers

HOW HEALTHCARE SERVICES ARE BEING TAKEN TO RURAL WESTERN CAPE FARMS

The health department in the Western Cape is partnering with farms in the Cape Winelands to provide easier access to healthcare for farm workers. Spotlight unpacks one such partnership and why it is a triple win for workers, businesses and the government.

It's a sweltering January afternoon on the Kromfontein farm in the Koue Bokkeveld, north of Ceres in the Western Cape. At least a hundred farm workers are busy harvesting red onions in a vast field, with the rugged Cederberg mountains as a backdrop.

A quiet stillness hangs over the fields. Workers are covered from top to toe to protect themselves from the sun as they fill the yellow crates with freshly picked red bulbs. Not far from where they are harvesting is a water truck, where the workers can go to cool down and rehydrate.

As they work, a bakkie rolls up with two community health workers who walk onto the field. Annah Khontsiwe and June Jantjies are from Kromfontein Farm's clinic. They are based there as part of a unique initiative between Dutoit Agri and the Western Cape Department of Health and Wellness. Through this partnership, clinics have been set up on their farms in line with the department's focus on place-based care. This system makes healthcare significantly more accessible for workers who once needed to travel long distances and miss work to visit a clinic.

Dutoit Agri has 11 clinics on its Western Cape farms and packhouses, employing 14 community health workers, all overseen by four clinical nurse practitioners. The figures speak for themselves. "From January to December 2025, our Western Cape farm health workers saw 18 545 people and the sisters saw 16 959," says Mariette le Roux, who coordinates healthcare services for Dutoit Agri.

[Read More](#)

WERKERS

Gesondheidswerkers

KATARAKVERWYDERING

Daar was 'n geleentheid, einde Maart, wat die Departement van Gesondheid, met behulp van Handri Liebenberg en Madelein Bester, ons pasiënte, wat al langer as 5 jaar wag vir kataraktoverwydering, dit moontlik gemaak het saam met die Universiteit van Stellenbosch.

Elke persoon op die foto kon 1 oog laat doen. Hulle is BAIE dankbaar.

Ons wil ook net baie dankie sê vir Tandfontein, Lindeshof en Kromfontein se bestuurders vir vervoer na Worcester. Dit word opreg waardeer.

Sophia Kotze





'N GEMEENSKAPSVERHAAL VAN SPORT, TROTS EN SAMEHORIGHEID

Die Dutoit Ses Nasies-toernooi het oor die afgelope seisoen weereens sy plek bevestig as een van die hoogtepunte op die Dutoit-kalender. Wat in 2024 begin het as 'n sportinisiatief tussen ses landgoedere – Vastrap, Paardekloof, Nootgedacht, Kromfontein, Lindeshof en Tandfontein – het gegroei tot 'n tradisie wat sport, gemeenskap en werknemersbetrokkenheid op 'n besondere wyse illustreer.

Met die afskop van die 2026-seisoen by Vastrap, in 'n feestelike atmosfeer en voor sowat 2 500 entoesiastiese toeskouers, was dit van meet af duidelik: hierdie is meer as net rugby en netbal. Teenwoordigheid van gaste soos die presidente van Boland Rugby, Wynland Netbal en die Witzenberg Munisipaliteit se burgemeester het die betekenis van die toernooi verder onderstreep – as 'n geleentheid van sportmangees, trots en gemeenskapsamhorigheid.

Kompetisie wat mense nader aan mekaar bring

Elke Saterdag se wedstryde het nie net gesonde mededinging op die veld gelever nie, maar ook geleenthede vir kollegas, families en vriende om langs die kantlyn saam te kuier, gebied. Halfpad deur die toernooi was dit duidelik hoe die Ses Nasies spanwerk en dissipline bevorder – met Paardekloof wat in rugby die voortou geneem het en Kromfontein wat die netbal afdeling oorheers het. Individuele uitblinkers is erken, maar altyd binne die groter konteks van span- en landgoed trots.

Die wedstryd dae, soos dié by Nootgedacht, het gewys hoe sport selfs uitdagende omstandighede kan oorkom. Sterk winde en fisieke spel kon nie die entoesiasme van spelers en ondersteuners demp nie. Intendeel, dit het die ware karakter van die toernooi uitgelig: harde, maar eerlike kompetisie, handdrukke ná die eindfluitjie en opregte respek tussen spanne.

Impak op die Dutoit-gemeenskap en personeel

Die waarde van die Ses Nasies lê egter in sy impak buite die telbord. Vir Dutoit-personeel skep die toernooi 'n platform waar kollegas mekaar anders leer ken – nie net as medewerkers nie, maar as spanmaats, ondersteuners en vriende. Dit versterk verhoudings oor landgoedgrense heen en bou 'n gevoel van eenheid binne die groter Dutoit-groep.

Vir die breër gemeenskap is die toernooi 'n bron van trots. Gesinne reis saam, kinders sien hul ouers, ooms en tannies op die veld meeding, en jong spelers kry rolmodelle om na op te kyk. Die Ses Nasies dra so by tot 'n positiewe sport kultuur in die omgewing en bevestig Dutoit se rol as aktiewe vennoot in gemeenskapsontwikkeling.

'n Bekroning van harde werk

Die finaal by Paardekloof was 'n gepaste afsluiting van die seisoen. Paardekloof is as rugbyspeler gekroon, met Sandiso Ngxitho as rugbyspeler van die toernooi, terwyl Kromfontein die netbaltitel gewen het. Erkenning aan spelers soos AnnaMarie Esterhuizen, Anna Smith en Esmerelda Muller het getuig van die hoë standaard van spel deurgaans. Die dag se atmosfeer was gevul met kameraadskap en dankbaarheid – 'n ware fees van sport. Hierdie jaar was daar ook van die Dutoit rugbyspelers verkies om te speel vir die Koue Bokkeveld Barbarians span en daar is ook van die netbal spelers geselekteer vir proewe vir Kaapse Wynland netbal span.

Dank en erkenning

'n Toernooi van hierdie omvang is net moontlik danksy baie hande en harte. 'n Opregte dankie gaan aan die plaaslike reëlingskomitees wat elke wedstryd dag met toewyding beplan en uitvoer. Ook aan die landgoed bestuurders en hul personeel wat onbaatsugtig tyd en hulpbronne insit om velde, fasiliteite en omgewings wedstryd-gereed te kry – julle bydrae vorm die ruggraat van die Ses Nasies.

'n Geestelike uitvloeisel

Die Dutoit Ses Nasies herinner ons dat sport 'n gawe is wat mense verenig. Dit leer ons van nederigheid in oorwinning, genade in nederlaag en die krag van saamstaan. In 'n wêreld waar verskille maklik kan verdeel, wys hierdie toernooi dat gemeenskap, respek en gedeelde waardes steeds kan oorheers. So bou ons nie net spanne nie, maar mense – en uiteindelik 'n sterker, hegte Dutoit-gemeenskap.

Die Dutoit Ses Nasies – meer as 'n toernooi; dit is 'n tradisie van hart, hand en hoop.





PADKOS

Padkos

RUSKIN BOND

The Cherry Tree

Dit is die verhaal van die 6-jarige Rakesh en sy oupa. Sy oupa woon aan die voet van die Kashmir-vallei.

Op 'n dag besluit Rakesh hy gaan vir sy oupa kuier. Hy koop vir hom 'n kardoessie kersies en soos hy aanstap, eet hy die kersies en spoeg die pitte uit. By sy oupa aangekom, deel hy sy laaste kersies met hom. Rakesh speel nog so met die pit in sy mond, toe sy oupa hom vra wat hy daarmee gaan maak. Rakesh sê hy gaan dit uitspoeg.

“Nee,” keer sy oupa hom. “Die pit is té kosbaar. Kom ons gaan plant dit.”

Oupa help vir Rakesh en hulle plant die pit. Rakesh vergeet later van die pit, maar op 'n dag wys sy oupa vir hom die jong boompie. Rakesh is opgewonde. Hy begin gereeld vir sy oupa kuier en die boompie versorg. Daar ontstaan 'n nuwe band tussen hulle.

Ja, daar was baie uitdagings — soos die vrou wat die boompie met 'n kapmes raak gekap het, die droogte, en die bokke in die berge. Maar met Rakesh se entoesiasme en sy oupa se geloof het die boompie dit alles oorleef.

Uiteindelik breek die dag aan dat oupa en Rakesh by die boompie staan en hul eerste kersie pluk. Oupa vat Rakesh se hand en druk dit styf. Rakesh vat sy oupa se hand en druk dit net so styf terug. Die ou man en die jong seun kyk mekaar in die oë. Niemand sê 'n woord nie — die stil trane teen hul wange sê alles.

Al wat oorbly, is 'n gedagte: Terwyl Rakesh die kersieboom se blare streel, sê hy vir homself: “I wonder, is this what it feels like to be God?”

(Dalk het oupa dit tog gehoor...?)





Dutoit Communication

WHATSAPP & SMS

If you do not receive any WhatAspp or SMS communication from Dutoit, please follow these steps:

- 1. Confirm that your department manager supplied your correct number to Dutoit HR (Magda Steyn).*
- 2. Save the Dutoit number on your contact list: +27 23 007 5804.*
- 3. Contact Runei Kotze (074 9685 168) if all the above has been done and you still did not receive communication.*
- 4. We ask that all the department heads motivate their staff to supply their correct numbers.*



Korrespondente:

Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras | Dutoit Vrugte: Le-Maré van Niekerk | Dutoit Groente: Florina Ismael | Dutoit Hout: Lucille Jacobs | Kromfontein: Chrisna du Toit | Lindeshof: Carlien Rossouw | Nooitgedacht: Lenchen Visser | Paardekloof: Nicola Dark | Vastrap: Matilda de Villiers | Sneeuwkop: Madeleine van der Westhuizen | Tandfontein: Saretta de Waal | Skaapkraal: An-Joh du Toit | Excelsior: Raeesa Hoosen | Oos-Kaap: Vanessa Strydom | Crispy Farming: Jacques Visser | Dutoit Services: Surina Swanepoel | Bokkenfontein: Willem Reynolds | NOVO: Willem Joubert.

Redaksie:

Runei Kotze, Jacques Matthee & Mariette Le Roux
Stuur alle kommentaar en versoeke na runeik@dutoit.com | 023 312 1071.

Redaksionele Beleid:

Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.